# JEUGLES: Vrugte van die Gees – Liefde, Vreugde en Vrede

## 1. Praise and Worship

## 2. Inleiding:

Ons gaan vanaand begin met ons Eksamenlesse oor die vrugte van die Gees. Vanaand gaan ons vinnig kyk na die vrugte: Liefde, Vreugde en Vrede.Ons gaan net vinnig daarna kyk en dan by elkeen ‘n speletjie speel sodat julle dit beter kan verstaan.

## 3. Liefde:

***Wat is liefde:***

Ons kry verskillende soorte liefde, naamlik romantiese liefde tussen seun en dogter of man en vrou, liefde tussen vriende, ouer en kind liefde en broer en suster liefde. In ons lewens is daar egter ook mense waarmee jy sukkel om “nice” mee te wees wat nog te sê van liefhê! Hulle is die “unlovable” mense in jou lewe. Wel die vrug van die Gees- LIEFDE- is bedoel vir die “unlovable” mense in jou lewe, want dus mos maklik om die “loveable” mense in jou lewe lief te hê

***Speletjie:***

Elke groep kry ‘n item wat met battery werk. Die battery is egter uitgehaal en die groep leier hou dit by hulle [Kinders moet dit nie sien nie want hulle moenie weet daar is geen battery in die item nie]. Die kinders moet die item gebruik waarvoor dit gemaak is bv flits moet hulle aanskakel en dan moet hulle kan sien daar is geen lig nie. Vra die kinders wat dink hulle is fout met die flits. Gee die battery vir kinders om in flits te sit en sien dat dit wel nou n lig maak.

***Process:***

Daar is niks meer frustrerend vir ons as jou gunsteling speelding of jou foon of die remote control van jou playstation pap is nie. As die battery pap is beteken die speelding, foon of remote niks vir jou nie. Dit laat my dink aan 1 Kor 13 wat sê al het jy al die gawes van die Heilige Gees ontvang [dit wat ons nou met julle behandel het] gawe om te profeteer, in tale te kan praat, tale uit te lê, gawe van kennis en wysheid, gawe van geloof en al gee jy al jou besittings vir die arm mense MAAR jy het nie LIEFDE nie beteken als vir jou niks. Liefde is soos die battery niks kan werk sonder liefde nie dus vlg my een van die belangriste vrugte wat jy moet hê.

## 4. Vreugde:

***Wat is vreugde:***

Vreugde/blydskap is nie ‘n menselike emosie wat kom en gaan nie. Dit word aan ons gegee deur die Heilige Gees en die vreugde en blydskap ervaar jy al gaan jy deur ‘n moeilik tyd in jou lewe en al voel dit als om jou val uitmekaar. Vreugde/blydskap is nie soos geluk nie soos bv jy voel gelukkig oor jou Pa vir jou ‘n motor gekoop het of ek is gekies om eerste span netbal/rugby te speel. Geluk is heeltemal ‘n ander tipe emosie as vreugde en blydskap.

**Speletjie**:

Twee 2l bottels een met water en een met sprite.  Vreugde kom nie van buite soos dwelms of alkhol te gebruik nie. [gooi smarties en gekleurde water wat alkhol moet voorstel in die een bottle.  Gooi in die sprite bottle mentos lekkers en onmiddelik spuit die koeldrank uit bottle].

**Process:**

Ons dink dat wanneer ons mismoedig voel en voel dat die wêreld om ons uitmekaar val deur dwelms en drank te gebruik ons gelukkig gaan laat voel.  Dus wel so dat jy vir daai oomblik gelukkig gaan voel maar as die dwelms en alkhol uitgewerk het sit jy maar weer met ongelukkigheid.  Soos jy kan sien het die water in bottel se kleur ook verander so geestelik beweeg ons agter uit. Om egter blywende vreugde in alle omstandighede te hê kort ons Jesus in ons lewens ons moet dus nader aan Hom beweeg deur te bid en Bybel te lees dan sal jou vreugde uitspruit soos wat met die ander bottel gebeur het. Veugde kom altyd van binne en dit is net God se Gees wat daardie BLYWENDE vreugde in jou binneste kan kom sit.

## 5. Vrede:

***Wat is Vrede:***

Vrede beteken nie dat jy geen worries of dalk in konflik situasies gaan wees nie, Vrede is ‘n kalm gewete diep binne jou dat jy weet God is in beheer al gaan dit ook hoe rof met jou. Dit is dus normaal om te worry en angstig te wees vir al die dinge wat om jou gebeur.  God vra dat ons na Hom sal gaan en Hom vertel wat jou pla en dat Hy jou vrede moet gee oor die ding wat jou vrede steel.

***Speletjie:***

Elkeen in groep kry glas met water in wat hulle met ‘n reguit arm vir n ruk so moet hou terwyl ek hulle verduidelik waaroor dit gaan.

***Process:***

Die glas verteenwoordig ons. Die water wat in glas gegooi word is al ons bekommernisse oor die dinge wat ons pla op die oomblik.  Die is ook al ons paniek/stress oor dinge in ons lewens by ons skool,werk en huise. Dit is ook oor ons bang en angstig is oor als wat in die wêreld gebeur.  Hoe langer jy die glas vas hou voel jy die pyn in jou skouers en jy voel hoe jou arm lam begin raak.  Wel dus hoe vrees met jou lewe maak dit veroorsaak baie pyn in jou lewe en jy voel jy is lam jy kan nie eens beweeg van al die vrees nie.  Jesus wil nie hê dat ons as Sy kinders so moet leef nie.  Wat moet ons doen.  Sit die glas/vrees,bekommernis neer.  Hoe doen ons dit, vra vir Jesus dat Hy Sy vrede wat alle verstand te bowe gaan in jou moet kom plaas en die bekommernis/vrees op Hom moet neem. Dit beteken nie jy gaan glad nie meer vrees/bekommerdwees nie maar jy gaan weet as jy vrees voel om dit net weer vir Jesus te gee en weet Hy is met jou.

## 6. Sluit af met gebed en deel selfone uit.